FREE STATE PROVINCE

# PROVINCIAL GAZETTE

# PROVINSIALE KOERANT

PROVINSIE VRYSTAAT

*Published by Authority* *Uitgegee op Gesag*

**No. 105**

**BLOEMFONTEIN, 7 DECEMBER 2007**

**BLOEMFONTEIN, 7 DESEMBER 2007**

| OFFICE OF THE PREMIER | KANTOOR VAN DIE PREMIER |
|---|---|
| **No. 6** **7 December 2007** | **No. 6** **7 Desember 2007** |
| It is hereby notified that the Premier has assented to the following Act which is hereby published for general information:- | Hierby word bekend gemaak dat die Premier die onderstaande Wet bekragtig het, wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:- |
| **No. 6 of 2007 : Free State Provincial Archives Amendment Act, 2007** | **No. 6 van 2007 : Wysigingswet op die Vrystaat Provinsiale Argief, 2007** |

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

____ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

# ACT

**To amend the Free State Provincial Archives Act, 1999; to provide that members of the Council be compensated from the funds of the Department; to provide that the secretarial functions of the Council be provided by the Provincial Archivist; to delete sections which provides that the Council be regulated outside the Department; to delete sections which form part of financial management of the Department; to clarify appointment of records manager; and to provide for connected matters.**

**BE IT ENACTED** by the Provincial Legislature of the Free State Province as follows:-

*(Afrikaans text assented to and signed by the Premier.)*

**Amendment of section 6 of Act No. 4 of 1999**

**1.** Section 6 of the Free State Provincial Archives Act, 1999 (Act No. 4 of 1999) (hereafter referred to as the "Principal Act") is amended by the substitution for subsection (8) of the following subsection:

"(8) An ordinary member, or a co-opted member referred to in subsection (7), who is not in the full-time service of the State shall be paid, from the funds of the [**Council**] relevant department responsible for archives, such travel and other expenses incurred by him or her in connection with the activities of the Council as the responsible Member may determine with the concurrence of the Member for Finance.".

**Amendment of section 7 of Act No. 4 of 1999**

**2.** Section 7 of the Principal Act is amended by -

(a) the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"[**Secretary and Staff of Council**] **Provincial Archivist**

(1) The work incidental to the performance of the functions of the Council shall, subject to the directions of the Council, be performed by [**a secretary appointed by the Council on such conditions of service and at such remuneration and service benefits as the responsible Member, with the concurrence of the Member for Finance, may determine**] the Provincial Archivist.";

(b) the deletion of subsection (2).

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

[ ] Woorde in vetdruk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

____ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenigns aan.

# WET

**Om die Wet op die Vrystaat Provinsiale Argief, 1999, te wysig; om voorsiening te maak dat lede van die Raad vergoed word uit fondse van die Departement; om voorsiening te maak dat die sekretariële funksies van die Raad voorsien word deur die Provinsiale Argivaris; om artikels wat voorsiening maak dat die Raad buite die Departement gereguleer word te skep; om artikels wat deel vorm van finansiële bestuur van die Departement te skrap; om aanstelling van die rekordbestuurder uit te klaar; en om voorsiening te maak vir verwante sake.**

**DAAR WORD BEPAAL** deur die Provinsiale Wetgewer van die Provinsie Vrystaat soos volg:-

*(Afrikaanse teks deur die Premier bekragtig en geteken.)*

**Wysiging van artikel 6 van Wet No. 4 van 1999**

**1.** Artikel 6 van die Wet op die Vrystaat Provinsiale Argief, 1999 (Wet No. 4 van 1999) (hierna verwys as die "Hoofwet") word gewysig deur subartikel (8) met die volgende subartikel te vervang:

"(8) 'n Gewone lid, of 'n gekoöpteerde lid bedoel in subartikel (7), wat nie in die heeltydse diens van die Staat is nie, word uit die fondse van die [**Raad**] <u>betrokke departement wat vir argiewe verantwoordelik is,</u> dié reis en ander uitgawes betaal wat deur hom of haar in verband met die aktiwiteite van die Raad aangegaan is, wat die verantwoordelike Lid met die instemming van die Lid van Finansies bepaal.".

**Wysiging van artikel 7 van Wet No. 4 van 1999**

**2.** Artikel 7 van die Hoofwet word gewysig deur -

(a) subartikel (1) met die volgende subartikel te vervang:

"[**Sekretaris en Personeel van Raad**] <u>**Provinsiale Argivaris**</u>

(1) Die werk verbonde aan die verrigting van die werksaamhede van die Raad word, onderworpe aan die voorskrifte van die Raad, verrig deur [**'n sekretaris wat deur die Raad aangestel word op die diensvoorwaardes en teen die besoldiging en onderworpe aan die diensvoordele wat die verantwoordelike Lid met die instemming van die Lid van Finansies bepaal**] <u>die Provinsiale Argivaris</u>.";

(b) subartikel (2) te skrap.

**Deletion of section 8 of Act No. 4 of 1999**

**3.** Section 8 of the Principal Act is deleted.

**Deletion of section 9 of Act No. 4 of 1999**

**4.** Section 9 of the Principal Act is deleted.

**Amendment of section 10 of Act No. 4 of 1999**

**5.** Section 10 of the Principal Act is amended by the substitution of section 10 of the following section:

"[**Annual reports**] <u>**Reports**</u>

**10.** (1) The Provincial Archivist shall as soon as practicable after the end of each financial year prepare and furnish to the responsible Member a report on the operations of the Provincial Archives during that financial year, including, without limiting the generality of the foregoing –

(a) details of income and expenditure;

(b) a complete list of disposal authorities issued;

(c) an account of all cases of unauthorised disposal of public records investigated by the Provincial Archives; and

(d) an account of all governmental bodies which have failed to comply with provisions of this Act.

(2) The Council shall as soon as practicable after the end of each financial year, prepare and furnish to the responsible Member a report on its proceedings and activities during that financial year.

[**(3) The report of the Provincial Archivist and the report of the Council, together with the audited annual financial statements pertaining to the funds of the Council, shall be submitted to the responsible Member, and the responsible Member shall lay them upon the Table in the Provincial Legislature within 15 days after receipt thereof if the Provincial Legislature is then in session, or if the Provincial Legislature is not then in session, within 15 days of the commencement of the next session.**]".

**Skrapping van artikel 8 van Wet No. 4 van 1999**

**3.** Artikel 8 van die Hoofwet word geskrap.

**Skrapping van artikel 9 van Wet No. 4 van 1999**

**4.** Artikel 9 van die Hoofwet word geskrap.

**Wysiging van artikel 10 van Wet No. 4 van 1999**

**5.** Artikel 10 van die Hoofwet word gewysig deur artikel 10 met die volgende artikel te vervang:

"[**Jaarverslae**] **<u>Verslae</u>**

**10.** (1) So gou moontlik na die einde van elke boekjaar moet die Provinsiale Argivaris 'n verslag saamstel en aan die verantwoordelike Lid voorsien oor alle aktiwiteite van die Provinsiale Argief gedurende daardie boekjaar, insluitende, maar sonder om die algemene aard van die voorafgaande te beperk –

(a) besonderhede van inkomste en uitgawes;

(b) 'n volledige lys van beskikkingsmagtigings uitgereik;

(c) 'n verslag van alle gevalle van ongemagtigde beskikking oor publieke rekords wat deur die Provinsiale Argief ondersoek is; en

(d) 'n verslag van alle regeringsliggame wat versuim het om aan die bepalings van hierdie Wet te voldoen.

(2) Die Raad moet so gou as moontlik na die einde van elke boekjaar 'n verslag saamstel en aan die verantwoordelike Lid voorsien oor sy verrigtinge en aktiwiteite gedurende daardie boekjaar.

[**(3) Die verslag van die Provinsiale Argivaris en van die Raad, sowel as die geouditeerde finansiële jaarstate wat betrekking het op die geld van die Raad, word aan die verantwoordelike Lid voorgelê, en die verantwoordelike Lid moet dit in die Provinsiale Wetgewer ter Tafel lê binne 15 dae na ontvangs daarvan indien die Provinsiale Wetgewer dan in sessie is, of indien die Provinsiale Wetgewer nie dan in sessie is nie, binne 15 dae na die aanvang van die volgende sessie.**]".

**Amendment of section 13 of Act No. 4 of 1999**

**6.** Section 13 of the Principal Act is amended by the substitution for paragraph (a) of subsection (5) of the following paragraph:

"**13.** (5) (a) The head of a governmental body shall, subject to any law governing the employment of personnel of the governmental body concerned and such requirements as may be prescribed, [**designate**] appoint an official of the body to be the records manager of the body.".

**Short title**

**7.** This Act is called the Free State Provincial Archives Amendment Act, 2007.

**Wysiging van artikel 13 van Wet No. 4 van 1999**

**6.** Artikel 13 van die Hoofwet word gewysig deur paragraaf (a) van subartikel (5) met die volgende paragraaf te vervang:

"**13.** (5) (a) Die hoof van 'n regeringsliggaam moet, onderhewig aan enige wet wat die indiensstelling van personeel van die betrokke regeringsliggaam reël en sodanige vereistes as wat voorgeskryf word, 'n beampte van die liggaam [**aanwys**] aanstel as rekordbestuurder van die liggaam.".

**Kort titel**

**7.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Vrystaat Provinsiale Argief, 2007.